# DIE SKIETLOOD

221e Uitgawe 19 Januarie 2024
saam met Koersvas 222

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

URSINUS SE PROLEGOMENA vervolg: Ursinus se argumente vry vertaal met eie kommentaar in blokkies.:

6 WAT IS DIE VERSKILLENDE METODES VAN DIE LEER VAN DIE KENNIS OORDRA EN AANLEER?

Ursinus verskuif vervolgens in sy Prolegomena die fokus na die oordrag van die kennis wat ons uit die Bybel ontvang.

Daar is drie aanduibare metodes van studie en oordrag van Teologie.

**1.** Die eerste metode is die sisteem van **kategetiese instruksies**. Dit kom neer op 'n netjiese samevatting en eenvoudige uitleg van die kernbegrippe van die Christelike geloof. Dit word kategese genoem.

Dit is 'n baie belangrike saak, want dit is vir die leek en die hooggeleerde ewe noodsaaklik om te weet wat is die fondasie van die ware godsdiens. Hierdie metode hoort tuis in die plaaslike gemeente en in gesprekke met ongelowiges met die doel om hulle na die Here te lei.

**Opmerking**: Kategese is 'n belangrike instrument in die arsenaal van die gelowige en kerk. Franciscus van Assisi is bekend daarvoor dat hy mense aangemoedig het om die Evangelie te verkondig met liefde en in dade van barmhartigheid- net om by te voeg dat woorde gebruik moet word indien nodig.

**Opmerking**: Hy was deels reg, voorbeelde trek, maar sonder woorde kan so 'n benadering verval in moralisme. Die Evangelie word nie deur osmose deel van die mens se kennis-bank nie. Kategese as onderrig benadering is van groot belang: *Handelinge 8:30,31- Filippus het daarheen gehardloop en gehoor dat die man uit die profeet Jesaja lees. Hy vra toe vir hom: "Verstaan u wat u lees?" Die Etiopiër antwoord: "Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie?" Hy het Filippus gevra om op te klim en by hom te kom sit.*

**2.** Die tweede metode vir die leer van - en oordrag van die dogma van die kerk het te make met **uitgebreide teologiese gesprek** en dit hoort tuis by teologiese skole. Hierdie tweede metode fokus op uitgebreide oorweging en bespreking van die verskillende teologiese dissiplines en teologiese hoofpunte. In hierdie benadering vind uitgebreide gesprek plaas en word elke saak fyn gedefinieer. Moeilike sake word presies gedefinieer, onderafdelings word gegee en die verskillende argumente word uitgepluis.

**Opmerking**: Sommige persone verwys daarna as Dogmatiek, ander praat van Sistematiese teologie. Apologetiek is eintlik ook deel van hierdie kernprosesse.

**Opmerking**: Vakke soos Nuwe Testament wetenskap, Ou Testament Wetenskap en ander dien hierdie onderneming. Die noodsaak van uitgebreide gesprek en konstante ondersoek moet beklemtoon word. Uitgebreide en langdurige gesprek dien ook as keerwal teen die vloedgolf van die nuutste gier of hermeneutiese fokus.

Hierdie noodsaaklike metode word in teologiese skole toegepas sodat diegene wat na die opleiding tot diens in gemeentes geroep word, behoorlik toegerus sal wees. Dit is noodsaaklik dat leraars die volledige sisteem sal verstaan en sal begryp dat hierdie teologiese kennis moeisaam en langsamerhand aangeleer word sodat daar sistematiese begrip is en die verwarde verstand van onkunde verlos kan word.

Wanneer leraars die leer oor God se Woord (dogmatiek) behoorlik verstaan, sal hulle ook heilsaam, duidelik en sistematies die leer aangaande God aan lidmate kan oordra. Daarvoor is dit noodsaaklik dat hulle dit self in eie denke uitgepluis het.

**Opmerking**: Ursinus roep predikante hiermee op tot konstante studie en diep denke. Die insigte wat verkry word, is nie vir eie verbruik bedoel nie, dit moet die geloofsgemeenskap help. Enige soeke na vinnige opleiding van predikante word deur hierdie woorde gekortwiek. .

Die uitgebreide teologiese gesprek is ook belangrik omdat dit kan lei tot die ontdek van die natuurlike en ware interpretasie van die Skrif. Dit kan net gebeur wanneer die student volle kennis het van elke deel van die kerk se dogmatiek. Die doel is om by 'n heilsame interpretasie te kom wat die analogie van geloof dien en daar 'n harmonie in Skrif-verstaan kan wees.
Hierdie sistematiese, gedissiplineerde studie van die Skrif is noodsaaklik sodat die regte keuses gemaak kan word, die regte besluite geneem kan word tydens stryd-gesprekke in die kerk. Sonder hierdie arbeid kan die kerk van waarheid na dwaling, foute en valsheid gelei word.

**Opmerking**: Akademiese navorsing lei tot gespesialiseerde ondersoeke. Die resultate bring soms nuwe insigte. Die insigte moet altyd weer in harmonie gebring word met die verstaan van die Skrif. Teologiese arbeid dien immers geloof en die kerk - tot eer van God. Navorsing wat geloof wil ondergrawe, is eintlik nie teologiese arbeid nie.

**3**. Die derde metode van die kerk se dogmas aanleer en oordra, is die deeglike en **getroue lees van die Skrif** - die heilige teks. Dit is die belangrikste en mees voortreflike manier om die leerstukke van die kerk te bestudeer. Om die Skrif so te kan lees, moet die ander twee metodes deeglik onder die knie wees sodat ons behoorlik voorberei kan wees vir die lees van die Bybel. Net soos die leerstukke en kategetiese materiaal uit die Skrif geneem is, net so neem hierdie twee metodes ons terug na die Skrif.

**Opmerking**: Die volle siklus van teologie word so voltooi. Teologiese arbeid begin met die lees van die Skrif. Die insigte word gesistematiseer en sinvol verwerk. Dit lei die gelowige tot die Bybel weer lees.

**Opmerking**: Teologie begin en eindig by die lees van die Bybel. Enige preek gegee op grond van 'n paragraaf uit byvoorbeeld Calvyn se boek, is nie preek nie, dit is teologie of filosofie. Ad Fontes, sola Scriptura.

Volgende keer kyk ons na kategese per se.